

Towerlantern Fotografie  
**fotografienuus**  
augustus 2023



Hans Hohenzollernhaus, Swakopmund, Namibië

Lensopening: f25; Sluiterspoede: 1/50, 1/30, 1/20 sekonde; Fokale lengte: 25 mm

Om kultuurfotografie as fotogenre te beoefen, gee wonderlike fotogeleenthede. En al val kultuurfotografie nie in jou smaak nie, daar is so baie subgenres daarvan, dat jy dit gerus soms jou foto-liefde kan maak – of jy nou tuis is, of vakansie hou.

Op 'n onlangse besoek aan Swakopmund in Namibië kon die wonderlike ding wat “kultuur” genoem word, weer ervaar word. Gaan hierdie keer saam met ons op reis na Namibië, en ervaar iets van daardie besondere land.

Towerlantern probeer om met Fotografienuus so 'n wye gehoor as moontlik te bedien. Ons bedoeling is in die eerste plek om die lekker van fotografie te bevorder. Ons bedoeling is dus nie om diepgaande artikels oor duur kameras en pryse daarvan te plaas nie, maar eerder om net die lekker uit te dra. Geniet dit – en laat hoor gerus van jou as jy wonder oor enige aspek van wat ons noem “die lekker van fotografie”. Ons hoop hierdie uitgawe gee jou 'n groot lekkerte.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto

---

Die eerste saak om op te merk in verband met die tegniese besonderhede van die voorbladfoto is die eienaardige manier waarop die sluiterspoeë aangedui word. Hierdie foto is 'n saamgestelde foto bestaande uit drie foto's (een effens onderbelig, een korrek belig en een effens oorbelig) wat deur middel van die program Photomatix tot een foto verander is. Die sluiterspoeë van die drie foto's was dus 1/50 sekonde (effens onderbelig), 1/30 sekonde (korrek belig) en 1/20 sekonde (effens oorbelig). Met baie foto's, in hierdie geval gebou-foto's, is dit so dat daar meer lewe in 'n foto "ingeblaas" moet word. Elke selfoonfoto wat jy neem is presies ook 'n voorbeeld daarvan – altyd helderder as die werklikheid.

Die lensopening en fokale lengte van die drie foto's is presies dieselfde. Met lensopening word natuurlik bedoel die grootte van die opening wat die lig beheer, terwyl die fokale lengte 'n aanduiding gee van die wydheid van die foto. In die geval van 'n gebou, soos die voorbladfoto, is 'n baie wye hoek (25 mm) dus vanselfsprekend (hoe kleiner die mm-waarde, hoe wyer is die hoek). Om 'n idee te gee, hierdie gebou is op 'n straathoek, soos gesien kan word, en die kamera was by die teenoorstaande straathoek – dus nie baie ver weg nie.

# WANNEER IS “KULTUUR” KULTUUR?

Daar is 'n filosofiese beskrywing wat verduidelik wat “kultuur” is. Die saak word belig deur te stel dat alles om ons in twee klasse opgedeel kan word, naamlik “natuur” en “kultuur”. Die volgende voorbeelde sal jou help om hierdie stelling te verstaan:

- ✓ Die planeet Venus is natuur; 'n satelliet om die aarde is kultuur.
- ✓ 'n Rivier is natuur; 'n brug oor die rivier is kultuur.
- ✓ 'n Grot in 'n berg is natuur; 'n tunnel deur 'n berg is kultuur.
- ✓ 'n Leeu in die wildernis is natuur, 'n leeu in 'n hok is kultuur.
- ✓ 'n Pas gelêde eier is natuur, maar 'n gebakte eier is kultuur.

Dit is duidelik dat hierdie verduideliking baie wyd is, maar dit is tog werkbaar. Begryp dit so dat alles waarmee die mens te doen het, of in die verlede al te doen gehad het, kultuur is. Byvoorbeeld: die Kruger Wildtuin, die Gariëpdam, die N1-hoofweg, jou huis, die kos op jou tafel, dit is alles kultuur (want dit is alles op een of ander manier deur die mens geskep).

Gaan jy dus op vakansie met die gedagte dat jy kulturfotografie gaan beoefen, dan is die moontlikhede inderdaad baie wyd. Daarom is dit sinvol om subgenres te hê, byvoorbeeld kos-, mark-, motor-, geboufotografie.


Daarom is dit dus ook te verstaan as jy kulturfoto's gaan neem, die moontlikhede sonder einde is. Jy kan wyd foto's neem.



*Natuur en kultuur,  
pad na Swartbergpas, Prins Albert*

# Stadskultuur-fotografie

## tema & wenke



Omdat die genre kultuurfotografie so wyd is, sal ons ons in hierdie uitgawe beperk tot die subgenre stadskultuur-fotografie (wat ook dorpskultuur-fotografie kan insluit).

Die vraag ontstaan onmiddellik: waar begin mens? 'n Goëie, en ons eerste, wenk in hierdie verband word gegee deur die skrywers Dodd en Donald van die boek, *The book of cities*. In hul voorwoord tot die boek sê hulle: "We have not recommended the most atmospheric or budget hotels, nor hot restaurants or hip clubs. ... Instead, we have tried to blend history, topography and architecture with sounds, aromas and vistas."

Dikwels is 'n vakansie nie lank genoeg om aan al hierdie sake aandag te gee nie; maar laat hierdie boodskap jou lei in jou fotografie.

Verdere wenke, behalwe gewone kamera-wenke, om van bewus te wees, is die volgende (en bestudeer ook ons volgende artikel):

- ✓ Lees meer oor die land as dit 'n buitelandse land is.
- ✓ Lees vooraf oor die stad of dorp wat jy gaan besoek.
- ✓ Identifiseer geboue en ander sake in die stad waarheen jy reis.
- ✓ Doen leeswerk oor die sake wat jou besoekpunt uniek maak.
- ✓ Beplan besoekpunte vir foto's.
- ✓ Werk selfs roetes uit vir een of meer fotosessies.

# Toeligting: besoek aan Swakopmund, Namibië

Hierdie toeligting verloop volgens die wenke wat in die vorige artikel gegee is:

## LAND

Vanaf 1894 was Namibië 'n Duitse kolonie, met die naam Duits Suidwes-Afrika (algemeen bekend as Duitswes-Afrika). 'n Groot aantal Duitsers het vanuit Europa na dié Afrika-land verhuis. Na die Eerste Wêreldoorlog het die land, toe Suidwes-Afrika genoem, onder administrasie van Suid-Afrika gekom. Na die Tweede Wêreldoorlog was daar vir dekades woeling oor Suidwes-Afrika tussen Suid-Afrika en die Verenigde Volke Organisasie van destyds, tans die VN. Op 21 Maart 1990 het die land as Namibië onafhanklik geword.

## DORP:

Sommige van die kleiner en groter dorpe in Namibië dra nog in 'n mindere of meerdere mate herinneringe van die destyds Duitswes-Afrika. Een dorp wat nog heelwat Duitse karakter vertoon is Swakopmund, aan die monding van die Swakoprivier.

## GEBOUE EN SAKE:

Veral sommige winkels en restaurante in Swakopmund handhaaf nog steeds 'n Duitse karakter en is die moeite werd om te besoek.

## UNIEKE EIENSKAPPE:

Die een groot unieke eienskap is die feit dat Duits nog steeds een van die tale van Namibië is.

vervolg op die volgende bladsy



# Toeligting: besoek aan Swakopmund, Namibië

(Vervolg van vorige bladsy)



## BESOEKPUNTE:

Verskillende geboue in Swakopmund is die moeite werd om te besoek, in die besonder met die oog op fotografering.

## ROETES:

'n Vreemde omgewing is altyd oorweldigend. Daarom is dit 'n groot hulp om 'n stadskartaar in die hande te kry en vooraf 'n roete uit te werk vir die neem van foto's.

## WENK:

'n Toergroep kan ook van hulp wees; dit bring jou by plekke waar jy dalk nie op jou eie sou uitkom nie. Die probleem is egter dat jy fotografies gesproke "uitgelewer" is aan 'n gids en medereisigers. Die uitweg is dan: Gebruik jou selfoon.

## LUISTER SAAM:

Vir 'n Duitswes- en Suidwes-gevoel, luister na die volgende musiek:

✓ Randall en Koba – Duitswes wals:



<https://youtu.be/E6AP-a93Z9Y>

✓ Das Südwesterland: <https://youtu.be/dVwx2AnQBAA>

# RIGLYNE

# VIR STADSKULTUUR-FOTOGRAFIE

## VOORAF

Vir hierdie riglyne gee ons spesifiek aandag aan stadsgeboue. Indien moontlik sorg vir 'n sonverligte vooraansig en ook so ver as moontlik sonder voertuie en ander hindernisse in die voorgrond. 'n Driepoot kan handig wees, maar noodsaaklik as jy foto's neem om met Photomatix te verwerk. Hou vir hierdie bespreking die voorbladfoto in gedagte.

### TIPE LENS

Gebruik 'n wyehoeklens soos nodig.

### FORMAAT

Besluit op die beste formaat, waarskynlik landskapformaat.

### ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS

Pas aan by die ligomstandigheid, daglig, selfs skemerlig.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Wees presies met die keuse van fokuspunt; miskien 'n uitstaande aspek van die gebou.

### LENSOPENING

Kies enige lensopening afhangend van die ligomstandigheid.

### SLUITERSPOED

Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" instelling van die sluiterspoed en neem 'n foto. Begin dan en eksperimenteer vir die beste kontras in die foto.

### FYN FOKUSSERING


Kontroleer die fotoskerpte soos wat jy foto's neem.



Ons sluit die reeks oor die ontstaan van kamera-tipes af deur te gesels oor die ontstaan van selfoonkameras. Die bedoeling is om oor enkele sake te praat en nie oor spesifieke ontwerpe nie.

Die wankelrige begin van die eerste foto per selfoon was op 11 Junie 1997 met die geboorte van Philippe Kahn se baba. Al sou jy na geen ander video in hierdie uitgawe van Fotografienuus kyk nie, kyk beslis na hierdie een. Dit gee 'n mooi bespreking van wat op daardie dag gebeur het. En besef hoe een persoon se idee miljarde mense se lewens verander het.

Die eerste selfoon met 'n ingeboude kamera het twee jaar later plaasgevind. Gedurende Mei 1999 het die eerste selfoonkamera op die mark gekom met die bekendstelling van die Japanese produk Kyocera VP-210. Dit was die eerste foon met 'n ingeboude kamera wat kommersieel aan die publiek verkoop is. Die foto hierby wys hoe dit gelyk het.



# ONTSTAAN VAN SELFOONKAMERAS



KYK NA: <https://www.sfmoma.org/watch/1997-birth-of-the-camera-phone-2/>

Bron: [https://en.wikipedia.org/wiki/History\\_of\\_videotelephony#Japanese\\_videophones](https://en.wikipedia.org/wiki/History_of_videotelephony#Japanese_videophones)



# Wat het van selfoon-antennas geword?

Met sekerheid kan aanvaar word dat minstens 90 persent van ons lesers selfone het; baie selfs met deftige kameras wat wonderlike foto's neem. En een, twee, drie, neem ons foto's en stuur dit vir vriende.

Hoe op aarde kry jou selfoon dit reg om met ander selfone te kommunikeer en boodskappe te stuur? Meeste lesers onthou miskien nog vroeër jare se baksteengrootte-selfone met antennas. Daar was ook dæ toe motorradios lugdrade gehad het, en nou? Ouer lesers sal miskien ook onthou dat daar dæ was van lang draad-lugdrade buite die huis na 'n paal toe. Wat het van die lugdrade geword? Die foto hierby wys die geskiedenis-verloop van selfone en hoe dit van 'n sekere produk af "antennaloos" geword het.

Die antwoord is eenvoudig: Daar is steeds antennas in selfone en ander elektroniese toerusting, want dit is steeds 'n elektroniese noodsaaklikheid. Jy mag vra: Waar is die lugdraad? Ook eenvoudig, dis so verklein dat dit in jou selfoon inpas! Die tegniek wat benut word om 'n "lang" antenna in jou selfoon in te pas, is so interessant dat ons verder hieroor gesels.

Voordat die vraag oor selfoon-antennas beantwoord kan word, moet ons eers verder teruggaan met 'n verduideliking oor 'n bepaalde tipe meetkundige vorms.

Meetkundige vorms soos reguit lyne, driehoëke, vierkante, seshoëke is aan almal bekend; so ook sirkels, parabole en ellipse. Let op dat almal uit gladde krommes bestaan met hoogstens by party 'n paar hoëke. Ons kan hierdie meetkundige vorms handig gebruik vir die meet en beskrywing van atletiekbane,



*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -

vervolg op die volgende bladsy



# Wat het van selfoon-antennas geword? (vervolg)

huise, strate tot selfoontorings. Let op dat al hierdie voorbeelde mensgemaakte voorwerpe is.



Maar hoe meet of beskryf ons kuslyne, berge, of, nog meer, wolke, meetkundig? Dis duidelik dat ons 'n nuwe medium kort waarmee ons hierdie tipe voorwerpe (almal natuurvoorwerpe) kan meet en beskryf.

Hoe kry ons dit reg? Met sogenoemde fraktale; dié skep vir ons 'n nuwe medium waarmee ons onreëlmatige figure soos kuslyne of wolke meetkundig kan beskryf. 'n Fraktaal kan gesien word as 'n meetkundige vorm wat homself oor en oor herhaal. As jy daarop insoem behou dit steeds dieselfde vorm. Dit kan handig gebruik word om onreëlmatige vorms te beskryf. Die eerste 4 stappe in die ontwikkeling van 'n Koch-sneeuvlakkie word hier uitgebeeld.

Die kennis oor fraktale het in die 1980s ontwikkel met die bydræ van Benoit Mandelbrot wat in 1982 sy baanbrekersboek "The fractal geometry of nature" gepubliseer het. Min het Mandelbrot geweet hoe sy studie van fraktale 'n omwenteling sou bring in die werking van selfone.

Nathan Cohen, 'n radio-sterrekundige, het geluister na 'n lesing van Mandelbrot oor fraktaal-teorie. Cohen het 'n probleem gehad – weens 'n woonstel-regulasie is groot antennas op die dak van die gebou waar hy gebly het, nie toegelaat nie.

Cohen besluit toe om sy kennis van fraktale te gebruik om sy radio-antenna te verklein – min het hy besef watter uitwerking gaan sy navorsing hê op die ontwikkeling van selfone. Cohen het begin eksperimenteer met die buiging van die antenna-draad in fraktaalpatrone. Hierdie eksperiment was so geslaagd dat hy die grootte van antennas kon verklein en die seinsterkte kon vergroot. Sy bevindings was gereed vir die toepassing daarvan in selfone. Die foto wys so 'n basiese lugdraad.



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



Visriviercanyon, Namibië

*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -

Soos met 'n besoek aan elke ander land skud jy nie maklik herinneringe aan Namibië af nie. Of dalk moeiliker. Gaan op besoek aan Namibië vir 'n week of twee en sien hoe jy weer in Suid-Afrika moet aanpas. Selfs met jou aankoms op Windhoek- of Walvisbaai se lughawe, voel jy onmiddellik tuis – die personeel praat immers Afrikaans met jou. Iets wat nie op OR Tambo-lughawe noodwendig so is nie.

Jy mag wonder hoekom jy Namibië toe moet gaan vir vakansie. Die bekende Die Suidweslied / Das Südwestlied stel dit mooi:

As iemand aan ons sou vra:  
Wat bind jul aan dié gewés?  
Dan kan ons net sê: ja,  
Ons hart kies Suidwes!

Und sollte man uns fragen:  
Was hält euch denn hier fest?  
Wir könnten nur sagen:  
Wir lieben Südwest!

Pak dus jou tasse – kamera ingesluit – en reis fotogewys na enkele plekke in Namibië saam met Towerlantern. Ons bedoel nie om 'n reisgids saam te stel nie – slegs 'n aantal foto's as aptytwekker.



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



Vir nog verdere lekkertes, besoek die volgende Youtube-video:

My eie aanbieding:  
<https://youtu.be/Dz-Xm2VB4WI>

Rots-/landskappe, Solitaire-Walvisbaai-roete



**GAAN OP REIS**  
*saam met Touwerlantern*

*Touwerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -



**GAAN OP REIS**  
*saam met Towerlantern*

Namibwoestyn, Aus-omgewing

*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -

*Windverwaaï, Aus-Sesriem-roete*



**GAAN OP REIS**

*saam met Towerlantern*

*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -



# Kristall Galerie, Swakopmund

As jy in die omgewing van Walvisbaai of Swakopmund in Namibië kom, dan is daar een plek wat jy beslis bo-aan jou lys van besoekpunte moet plaas.

Hierdie plek is die Kristall Galerie in Swakopmund. Dit is 'n museum waar gesteentes, minerale en juwele uitgestal word. Die items wat uitgestal word, mag gefotografeer word, maar nie die juwele nie. Die juwele word deur drie winkels wat in die galery is, verkoop en dit is logies dat dit nie gefotografeer mag word nie.

Die museum het in 1998 tot stand gekom. Behalwe vir al die uitgestalde items, is die Kristall Galerie veral daarvoor bekend dat dit die wêreld se grootste kwarts kristalsamestelling huisves. Die foto wys hoe dit lyk.

Dus, skryf die naam neer – in jou kop, of in jou notabœk.

Skakels: <http://www.namibiangemstones.com/>  
<https://www.nationalrockgarden.com.au/featured-article/the-kristall-galerie-swakopmund-namibia/>



**NUUS**

*vanaf  
Towerlantern*

# Volgende eerstevlak-fotografiekursus

Towerlantern beplan 'n volgende plaaslike fotografiekursus gedurende Augustus en September. Kom leer hoe om jou kamera te hanteer en hoe om mooi foto's te kry. Die besonderhede is soos volg:

**Plek:** Marthinus Wesselstraat 7, Potchefstroom.

**Begindatum:** 2 Augustus 2023. Verdere datums sal by die eerste klas afgespreek word om almal te pas.

**Tyd:** 17:00 tot 19:30.

**Prys:** R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Besonderhede:** Die kursus bestaan uit 8 klasgeleenthede van 2½ uur elk. Baie tyd word ook aan praktiese werk gegee.

**Samevatting van kursus:** Komposisie, kleur, lig; lensopening, sluiterspoeë; ISO, beligting, ligmetering; fokussering, lense en fokale lengte, perspektief; mens-, sport-, stillewe-, landskap-, argitektuur-, reisfotografie; kreatiwiteit, abstrakte fotografie, blom-, makro-, argitektuur- en reisfotografie, kunsfotografie.

**Benodigdhede:** 'n SLR-kamera met basiese instellings, sluiterspoeë, lensopening en ISO is 'n noodsaaklikheid. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar word hoog aanbeveel.

**Adres vir navræ:** [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za)

Spring gou,  
daar is nog  
tyd!

*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -

# NUUS

vanaf  
Towerlantern

## 2023 se foto-uitstalling

Towerlantern beplan om DV hierdie jaar weer die gebruiklike jaarlikse foto-uitstalling aan te bied. Jy word nou reeds uitgenooi om hieraan deel te neem. Neem dus nou kennis van die volgende sake:

### ALGEMENE SAKE:

- ✓ Daar is plek vir slegs 40 uitstallers.
- ✓ Plaaslike sowel as studente weg van Potchefstroom is welkom om in te skryf.
- ✓ Dit sal 'n fisiese uitstalling wees en daar sal ook 'n aanlyn-aanbieding wees om geleentheid te gee vir alle fotograwe.
- ✓ Die uitstalling gee jou die geleentheid om jou beste werke uit te soek vir vertoning.

### BESONDERE SAKE:

**Saak:** Foto-uitstalling (plaaslik en aanlyn).

**Uitstalwyse:** (a) Gemonteer vir die fisiese uitstalling en (b) elektronies vir die aanlyn-uitstalling (deur middel van 'n PowerPoint-aanbieding).

**Datum:** 12-29 September 2023.

**Plek:** Snowflake-gebou in Potchefstroom en ook aanlyn.

**Uitstallers:** Enige fotograaf wat bedrewe is met sy/haar kamera.

**Foto-onderwerp:** Alle genres.

**Keuring:** Stuur 10 foto's in waarvan 3 gekies sal word vir uitstal. Elke persoon wat foto's inskryf se 3 foto's sal uitgestal word.

**Onkoste:** R150, eenmalig.

**Keerderdatum:** 19 Augustus 2023.

**Oproep:** Begin nou reeds om jou uitstalfoto's agtermekaar te kry. Gaan jou foto's deur, soek uit, stoor dit en wees reg.

**Bespreking:** Die uitstalruimte is groot, maar dit word verwag dat jy so gou as moontlik sal bevestig dat jy belangstel.

**BELANGRIK:** Verseker nou al jou plek deur vir ons te laat weet dat jy belang stel om foto's uit te stal.



Kyk by die volgende skakels na 2020, 2021 en 2022 se uitstallings:

- 2020: <https://youtu.be/mfCJWGmFlpA>
- 2021: <https://youtu.be/tD67EVYZCzg>
- 2022: <https://youtu.be/qgOdRDOqYg8>

Vir meer besonderhede kontak:  
[johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za).

*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -

# OP INTERNET GESIEN



Wat is bokeh, en hoe kry mens dit in jou foto's? Lees hierdie artikel vir meer inligting en wenke oor hoe om dit in jou foto's te kry.  
<https://mymodernmet.com/bokeh-effect-photography/>

(Foto geneem deur Andy Vitali)  
<https://www.instagram.com/andyvitali/>



Die winter mag dalk vaal voel, maar soek steeds kleur om treffend in jou foto's te gebruik. Hierdie foto het ons raakgeloop op Facebook by The Flacks Photography. Let op hoe mooi die visvanger se blou en bruin in die agtergrond herhaal word.

Adres: <https://www.facebook.com/TheFlacksPhotography>

# FOTO- *idees*

Idee 1: Soek na die eensaamste plek in jou omgewing vir foto's – soos Garub-halte in Namibië.



*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -

# FOTO- *idees*

Idee 2: Neem silhoeët-foto's teen sononder met 'n mooi agtergrond.

*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -

# FOTO- *idees*

Idee 3: Spits jou toe op landskapfoto's met klem op horisontale derdes.



*TowerLantern Fotografie*  
- augustus 2023 -

# FOTO- *idees*

Idee 4: Draai jou kamera skeef vir 'n sinvolle spesiale effek – soos om in hierdie foto die lang strand te beklemtoon.

*Towerlantern Fotografie*  
- augustus 2023 -



# FOTO- *idees*

Idee 5: Combineer voëls en water vir treffende tonele, byvoorbeeld met weerkaatsings.

